higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 13 bladsye.

358Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die persoon wat 'n ondersoek uitvoer, staan bekend as die ...

A ondersoeker.
B navorser.
C student.
D dosent.

1.2 Navorsing wat gebaseer is op waarneming of ervaring staan bekend as ... navorsing.

A kwantitatiewe
B kwalitatiewe
C empiriese
D begrip

1.3 Die teorie wat jy met jou ondersoek wil bewys:

A Stelling
B Analise
C Misleiding
D Hipotese

1.4 Die vlak waarop ondersoek en interpretasie plaasvind, staan bekend as ...

A begrip.
B evaluering .
C analise.
D skepping.

1.5 Die tweede vlak van Maslow se behoeftehiërargie is …

A sosiaal.
B ego.
C fisiologies.
D veiligheid en sekuriteit.

1.6 Om iets te geniet wat pragtig en aangenaam is om te ervaar, soos musiek en die natuur, verwys na die vervulling van ... behoeftes.

A basiese
B ontwikkelde
C estetiese
D vertragings-

Kopiereg voorbehou

1.7 Ongesonde gewoontes sluit in …

A om in jou neus te krap.
B om jou hande gereeld te was.
C om jou lessenaar te ontsmet.
D om jou hare daagliks te was.

1.8 Die kossoorte wat die meeste koolhidrate bevat, sluit in:

A Groenboontjies, wortels
B Rys, pasta
C Tuna, vleis
D Appels, piesangs

1.9 Die hoofdoel van ruvesel is om met ... te help.

A energie
B spiergeheue
C spysvertering
D kongestie

1.10 Die ontoereikende geestelike en fisieke ontwikkeling as gevolg van wanvoeding staan bekend as ...

A ondervoeding.
B honger.
C dwerggroei.
D groeivertraging.

1.11 Skole wat ruimte skep vir leerders wat matige steun nodig het, staan bekend as ... skole.

A spesiale
B sake-
C voldiens-
D privaat-

1.12 ’n Vorm van geestesongesteldheid waarvolgens ’n persoon hom/haar in ’n private wêreld onttrek en nie in staat is om te kommunikeer of om verhoudings met andere te ontwikkel nie:

A Disleksie
B Bipolêr
C Introvert
D Outisme

1.13 Die normale proses wat met denke geassosieer word, staan bekend as ...

A intelligensie.
B interaksie.
C sosialisering.
D emosies.

Kopiereg voorbehou

1.14 Ontevredenheid met jouself of erge kritiek op jouself, veral wat wandade betref, staan bekend as ...

A selfbeeld.
B selfverwyt.
C selfrespek.
D eiewaarde.

1.15 Die gereelde passering van los, waterige stoelgange wat dehidrasie veroorsaak, staan bekend as …

A verlamming.
B polio.
C diarree.
D wanvoeding.

1.16 'n Teoretikus wat geglo het dat motivering uit die bevrediging van menslike behoeftes voortvloei.

A Vygotsky
B Bronfenbrenner
C Maslow
D Skinner

1.17 'n ... is 'n objektiewe, goed gestruktureerde en goed geskrewe dokument.

A Verslag
B Gevallestudie
C Opname
D Ondersoek

1.18 Mense met ... inperkings is doof of blind.

A cholesterol
B sensoriese
C neurologiese
D emosionele

1.19 ... help om vry radikale te beveg wat skade aan die liggaam aanrig.

A Proteïen
B Kalsium
C Nutriënte
D Antioksidante

1.20 ... beteken om jouself, jou besittings en die plek waar jy woon, skoon te hou om siekte, infeksies en die verspreiding van siektes te voorkom.

A Gesondheid
B Kopiereg
C Higiëne
D Welstand

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die Grondwet is die hoogste reg in die land.

2.2 Finansiële ondersteuning wat die staat gee aan mense wat sukkel om hulself en hul gesinne te onderhou, staan bekend as beurse.

2.3 'n Voorbeeld van 'n ontwikkelingsuitkoms is die vermoë van 'n student om entrepreneursgeleenthede te ontgin.

2.4 Die VOO-band bestaan uit graad 4- tot graad 9-leerders.

2.5 'n Voorbeeld van informele leer is om saans klasse by te woon.

2.6 Mense wat met MIV/VIGS leef, het die reg om enige skool by te woon.

2.7 Uitkomsgebaseerde programme wat gerig is op volwasse leerders met min of geen onderwys nie, staan bekend as AOO.

2.8 Die NKR se hooffunksie is om te verseker dat alle kwalifikasies landswyd gestandaardiseer word.

2.9 Die waardes en beginsels wat aan die wette en beleide van die land ten grondslag lê, word in die Handves van Regte vervat.

2.10 'n Vrou kan gedwing word om haar swangerskap te beëindig as sy MIV-positief is.

2.11 Die Departement van Korrektiewe Dienste se hoofoogmerk is om die staat te help om die Suid-Afrikaanse Grondwet te handhaaf.

2.12 Visie 2014 is 'n internasionale strategie om armoede te verlig.

2.13 Leerders kan leerprobleme ervaar weens erge armoede.

2.14 Globalisering beteken dat mense in ontwikkelende lande uitgebuit word om goedere te vervaardig wat in ander lande verkoop word.

2.15 Munisipaliteite is nasionale regerings wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die nasionale wetgewer.

2.16 'n NRO is 'n organisasie wat onafhanklik van die staat werk, sonder om wins te maak, om armoede te verlig en gemeenskappe in Suid-Afrika op te hef.

2.17 'n Minimum-inkomstevlak wat die basiese lewensnoodsaaklikhede moet verseker, staan bekend as die armoedegaping.

2.18 Die algehele beëindiging van armoede staan bekend as armoede-uitwissing.

Kopiereg voorbehou

2.19 Drumpelarmoede is armoede wat lank aanhou en moeilik is om te oorwin.

2.20 Fisieke armoede is die gebrek aan basiese hulpbronne soos kos, water en klere.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die toestand om vry van siekte of besering te wees	A	plagiaat
3.2	Ystertekort in ’n persoon	B	welstand
3.3	Word in vrugte en groente aangetref	C	trauma
3.4	Dit hou verband met die senuweestelsel van die liggaam	D	selfverwesenliking
3.5	Agense in die liggaam wat infeksies beveg	E	tekortbehoeftes
3.6	Wanneer almal dieselfde behandel word	F	gesond
3.7	Wanneer jy nie ’n skrywer erken wanneer jy hul werk in jou akademiese artikels gebruik nie	G	vitamiene
3.8	Invloede van buite	H	anemie
3.9	Verwys na die algehele welwees van ’n persoon	I	teenliggaampies
3.10	Die toestand om jou volle potensiaal as ’n persoon te bereik	J	neurologiese
		K	gelykheid
		L	ekstrinsieke

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 (Navorsing/Opname) is die proses waarvolgens die ondersoeker stelselmatig inligting insamel en analiseer om ’n fenomeen te verstaan.

4.2 (Primêre/Sekondêre) navorsing behels dat jy data insamel wat nog nie bestaan nie.

4.3 Wanneer die navorser data insamel deur gebruikmaking van ’n gestandaardiseerde vraelys, staan dit bekend as ’n (waarneming/opname).

4.4 ’n (Veranderlike/Monster) is ’n deel van die populasie wat gebruik word om inligting oor die geheel te bekom.

4.5 ’n (Loodsgroep/Kontrolegroep) is ’n groep wat die vraelys as ’n toetslopie sal beantwoord om vas te stel of daar enige probleme bestaan.

4.6 Wanneer ’n navorser inligting van deelnemers weerhou, is daar die navorser skuldig aan (kopiereg/misleiding).

4.7 ’n (Pleeg-/Sorgafhanklikheids-) toelaag kan betaal word aan die ouer of voog van ’n kind onder die ouderdom van 18 jaar, wat voltydse versorging vereis as gevolg van fisieke of verstandelike gestremdheid.

4.8 ’n Persoon (kan nie/kan) meer as een toelaag op ’n keer ontvang (nie).

4.9 Die ontwikkelingsuitkomste fokus op die (eienskappe/vaardighede) wat kinders moet ontwikkel.

4.10 Kinders vanaf geboorte tot (veertien/nege) jaar benodig spesiale ondersteuning vir die beste fisieke, verstandelike en emosionele ontwikkeling, en KKO-programme maak hiervoor voorsiening.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5



[Gekopieer uit: *https://mymarketresearch.co.za*]

5.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

5.1.1 Ondersoek

5.1.2 Konstruktiewe navorsing

5.1.3 Data

5.1.4 Sekondêre navorsing

5.1.5 Sekondêre data

(5 × 2) (10)

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

ONDERWYS TYDENS COVID-19-INPERKING

Die plaaslike skool doen navorsing oor hoeveel kinders in hul skool in staat was om studiemateriaal tydens die nasionale COVID-19-inperkingstydperk te ontvang. Hulle gebruik 'n vraelys om die data in te samel. Hulle stuur e-posse aan die ouers en hulle skakel ook die ouers telefonies om die inligting te bekom. Sommige ouers wat nie telefone het nie, word tuis besoek om die inligting in te samel.

Die volgende persentasie leerders was in staat om tuis met hul skoolwerk voort te gaan:

- Graad 8: 25%
- Graad 9: 15%
- Graad 10: 35%
- Graad 11: 45%
- Graad 12: 65%

5.2 Noem TWEE metodes wat gebruik is om die bogenoemde opname te doen.

(2 × 1) (2)

5.3 Noem TWEE voordele van die gebruikmaking van ’n opname. (2 × 1) (2)

5.4 Noem TWEE nadele van die gebruikmaking van ’n opname. (2 × 1) (2)

5.5 Tydens ’n opname word ’n vraelys algemeen gebruik om inligting in te samel.

Formuleer VIER verskillende vrae wat jy by jou vraelys sal insluit. (4 × 1) (4)

5.6 Noem TWEE redes waarom dit belangrik is om ’n loodsopname te doen. (2 × 1) (2)

5.7 Gebruik die data uit die gegewe scenario (Onderwys tydens COVID-19-inperking) en trek ’n kolomgrafiek om die data voor te stel. (5 × 1 + 3) (8)

[30]

VRAAG 6

’n Navorser word gebind deur bepaalde etiese oorwegings wanneer hy of sy navorsing doen.

6.1 Onderskei tussen ’n *deursneestudie* en ’n *longitudinale studie*. (2 × 2) (4)

6.2 Stel VIER eienskappe voor wat ’n navorser moet besit wanneer hy of sy navorsing met kinderdeelnemers doen. (4 × 1) (4)

6.3 Evalueer die belangrikheid van vertroulikheid wanneer navorsing gedoen word. (2 × 2) (4)

Alle menslike gedrag word deur behoeftes en begeertes gemotiveer. Ons behoeftes bepaal ons gedrag asook hoe ons reageer. Abraham Maslow, ’n Amerikaanse sielkundige, het sy behoeftehiërargie ontwikkel op grond van die idee dat daar vyf tipes behoeftes is.

6.4 Pas elk van die volgende stellings by EEN van Maslow se behoeftestipes soos in sy hiërargie genoem word:

6.4.1 Ek het ’n begrafnispolis nodig om vir my gesin in die toekoms te voorsien.

6.4.2 Ek wil graag meer vriende hê.

6.4.3 Ek moet hard werk om in die basiese behoeftes van my familie te voorsien.

6.4.4 Ek moet harder werk, sodat ek meer suksesvol kan wees en meer selfrespek kan hê.

6.4.5 Ek is tevrede met my lewe en wat ek bereik het.

(5 × 2) (10)

Gesonde en gebalanseerde eetgewoontes bepaal jou gesondheid. ’n Gebrek aan sekere voedingstowwe sal jou gesondheid beïnvloed.

6.5 Watter raad oor voeding sal jy aan ’n ouer gee as hul kind:

6.5.1 ’n Gebrek aan energie het

6.5.2 Aan konstipasie ly

6.5.3 Met verrekte spiere sukkel

6.5.4 Swak tande het

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 7

7.1 Evalueer die invloed wat die volgende ekstrinsieke struikelblokke op ’n kind se ontwikkeling kan hê:

7.1.1 Kindermishandeling

7.1.2 Laat inskrywing in die skoolstelsel

7.1.3 Huishoudings met kinders aan die hoof

7.1.4 Ouers met MIV/VIGS

(4 × 2) (8)

7.2 Verduidelik die term *inklusiewe onderwys*. (2)

7.3 Noem en verduidelik TWEE verskillende strategieë wat geïmplementeer kan word om vir kinders met die volgende struikelblokke in ’n hoofstroomskool voorsiening te maak.

7.3.1 visuele gebrek

7.3.2 kinders in rolstoele

7.3.3 gehoorgebrek

(3 × 2) (6)

7.4 Jou negejarige seun het ’n maat met ’n leergebrek.

Watter voorstelle sal jy aan jou seun maak om die kind tegemoet te kom en hom/haar meer gemaklik in die skool te laat voel? (2 × 2) (4)

7.5 Vul die ontbrekende woorde in:

7.5.1 Armoede kan gedefinieer word as die tekort aan basiese dinge wat baie mense as vanselfsprekend aanvaar, soos ..., klere, ... en veilige drinkwater. (2 × 1) (2)

7.5.2 Armoededrumpel is die ... vlak van inkomste wat nodig is om 'n geskikte lewenstandaard in 'n gegewe land te bereik. (1)

7.5.3 'n ... toelaag kan betaal word aan 'n persoon wat 'n kind versorg wat deur die Kommissaris van die Kinderwelsynshof as sorgbehoewend bevind en derhalwe in sy/haar sorg geplaas word. (1)

7.5.4 Onderwys is verpligtend vir alle kinders, van graad 1 tot graad … (1)

7.5.5 Kritieke en ... uitkomste beskryf die soort burger wat die onderwys- en opleidingstelsel graag wil skep. (1)

7.6 Noem VIER eienskappe van armoede. (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 8

Bestudeer die kaart hier onder en beantwoord die vrae.



8.1 Watter provinsie het die hoogste persentasie kinders wat onder die armoedegrens leef? (1)

8.2 Watter provinsie het die laagste persentasie kinders wat onder die armoedegrens leef? (1)

8.3 Noem VIER moontlike redes waarom die Wes-Kaap die laagste syfer het van kinders wat onder die armoedegrens leef. (4 × 1) (4)

8.4 Waarom het ontwikkelende lande 'n hoër armoedesyfer as ontwikkelde lande? (2 × 1) (2)

8.5 Bespreek die uitwerking wat armoede kan hê op:

8.5.1 Die fisieke ontwikkeling van 'n kind

8.5.2 Die emosionele ontwikkeling van 'n kind

8.5.3 Die opvoeding van 'n kind

8.5.4 Die eiewaarde van 'n kind

(4 × 2) (8)

8.6 Beveel VIER armoedeverlagingstrategieë aan wat 'n staat in werking kan stel. (4 × 2) (8)

8.7 Noem DRIE redes waarom toelaes na jou mening noodsaaklik is om armes in Suid-Afrika te ondersteun. (3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou